NWK BEHEREND BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
4AX Aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

("**NWK Beperk**")

NWK BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007577/06
4AX Aandelekode: 4ANWK
ISIN: ZAE400000010

("**NWK**")

VERSPREIDING VAN DIE OMSENDSKRYWE EN KENNISGEWING VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

1. Aandeelhouers van NWK ("**NWK Aandeelhouers**") word verwys na die gesamentlike aankondiging van vaste voorneme ("**Vaste Voorneme Aankondiging**") deur NWK Beherend en NWK gepubliseer op 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk ("**4AX**") se Nuusdiens op, Maandag, 08 Junie 2020, waarin dit onder andere aangekondig is dat NWK Beherend en NWK 'n implementeringsooreenkoms aangegaan het ingevolge waarvan NWK Beherend 'n kennisgewing aan NWK gegee het van sy vaste voorneme om 'n aanbod ("**Aanbod**") te maak om al die uitgereikte gewone aandele van NWK ("**NWK Aandele**") te verkry van die houers van NWK Aandele anders as NWK Beherend self, by wyse van 'n reëlingskema ("**Skema**") in terme van artikel 114(1) van die Maatskappywet 71 van 2008 ("**Maatskappywet**") alternatiewelik 'n algemene aanbod ("**Algemene Aanbod**"), teen die aanbodprys soos gestipuleer in die Vaste Voorneme Aankondiging.

2. Die voorgenoemde Aanbod deur NWK Beherend, wat in meer besonderhede uiteengesit word in die Vaste Voorneme Aankondiging, word na verwys as die "**Voorgestelde Transaksie**".

3. **Verspreiding van die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe en Kennisgewing van Spesiale Algemene Vergadering**

3.1. 'n Gekombineerde aanbod omsendskrywe ("**Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe**"), wat die Voorgestelde Transaksie uiteensit, word vandag, 07 Julie 2020 aan NWK Aandeelhouers versprei. Die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe inkorporeer ook 'n kennisgewing van sameroeping van 'n spesiale algemene vergadering van NWK Aandeelhouers ("**Spesiale Algemene Vergadering**") vir die doel van oorweging van, en indien goed geag, die goedkeuring van die besluite daarin vervat, met of sonder wysiging.

3.2. Kennis word hiermee gegee dat die Spesiale Algemene Vergadering gehou sal word om **12:00** op Dinsdag, 04 Augustus 2020 by die **NWK Opleidingsentrum**, geleë te **Daniël Street 29**, **Lichtenburg**, **Noordwes Provinsie, Suid-Afrika**, **2740**, ten einde die nodige vereiste besluite vir die Voorgestelde Transaksie te oorweeg en, indien goed geag, dit goed te keur met of sonder wysiging.

3.3. Die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe is beskikbaar in Engels en Afrikaans. Afskrifte mag verkry word gedurende normale besigheidsure by die geregistreerde kantoor van NWK en by die kantoor van NWK se eksterne uitreikingsagent, Pallidus Capital, vanaf Dinsdag, 07 Julie 2020 tot Dinsdag, 04 Augustus 2020 (beide dae ingesluit). 'n Afskrif van die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe sal ook beskikbaar wees op NWK se webwerf by https://www.nwk.co.za/nwk-combined-offer-circular/ .

4. **Belangrike datums en tye**

NWK Aandeelhouers word verwys na die onderstaande tabel wat belangrike datums en tye uiteensit met betrekking tot die Spesiale Algemene Vergadering en die Voorgestelde Transaksie. Terme in hoofletters wat in die tabel gebruik word en in die onderstaande notas het die betekenis soos daaraan toegedeel in die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe.

	2020
Rekorddatum ten einde te bepaal watter NWK Aandeelhouers geregtig is om die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe (waarby die Kennisgewing van Spesiale Algemene Vergadering geïnkorporeer is) te ontvang ("**Kennisgewing Rekorddatum**") op	**Vrydag, 03 Julie**
Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe (waarby, onder andere, die Kennisgewing van Spesiale Algemene Vergadering, die Volmagvorm (*pienk*) en die Vorm van Aanvaarding en Oordrag (*groen*) geïnkorporeer is) versprei aan NWK Aandeelhouers op	**Dinsdag, 07 Julie**
Elektroniese aanlyn uitoefening van stemme open op die 4AX Registry Stemportaal op	**Dinsdag, 07 Julie**
Aankondiging van kontantwaarde as gevolg van die Aanbodprys teen nie later nie as 11h00 op	**Woensdag, 22 Julie**
Laaste datum om NWK Aandele te verhandel op die 4AX ten einde aangeteken te wees in die Register om te stem by die Spesiale Algemene Vergadering op	**Vrydag, 24 Julie**
Rekorddatum ten einde te bepaal watter NWK Aandeelhouers geregtig is om deel te neem aan en te stem by die Spesiale Algemene Vergadering op ("**Stem Rekorddatum**)	**Vrydag, 24 Julie**
Laaste datum en tyd waarteen die Volmagvorm *(pienk)* vir administratiewe doeleindes deur NWK Aandeelhouers teruggestuur moet word aan die Oordragsekretaris of die Maatskappysekretaris teen **11h00** (alternatiewelik kan die Volmagvorm (*pienk*) te eniger tyd by die voorsitter van die Spesiale Algemene Vergadering ingehandig word) op	**Maandag, 03 Augustus**
Laaste dag vir NWK Aandeelhouers om hulle elektroniese aanlyn stemme op die 4AX Registry Portaal in te dien teen 17h00 op	**Maandag, 03 Augustus**
Laaste datum en tyd vir NWK Aandeelhouers om kennis te gee aan NWK dat hulle beswaar aanteken teen die Skemabesluit wat die Skema goedkeur in terme van artikel 164 van die Maatskappywet teen nie later nie as **11h50** op	**Dinsdag, 04 Augustus**
SPESIALE ALGEMENE VERGADERING GEHOU OM 12H00 OP	**Dinsdag, 04 Augustus**
Uitslae van die Spesiale Algemene Vergadering vrygestel te word op 4AXNS op	**Woensdag, 05 Augustus**

INDIEN DIE REËLINGSKEMA GOEDGEKEUR WORD DEUR SKEMADEELNEMERS BY DIE SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

Laaste dag vir Skemadeelnemers wat teen die Skemabesluit gestem het om van NWK te vereis om die Hof se goedkeuring vir die Reëlingskema te verkry in terme van artikel 115(3)(a) van die Maatskappywet (indien die Skemabesluit geopponeer word deur ten minste 15% (vyftien present) van die totale stemme van Skemadeelnemers wat uitgeoefen word teen die Skema) op	**Woensdag, 12 Augustus**
Laaste dag vir NWK om die kennisgewing van aanvaarding van die Skemabesluit aan Afkeurende Aandeelhouers te versprei, in ooreenstemming met artikel 164 van die Maatskappywet op	**Woensdag, 19 Augustus**
Laaste dag vir 'n Skemadeelnemers wat teen die Skemabesluit gestem het om aansoek te doen by die Hof vir toestemming om 'n aansoek te bring vir hersiening van die Reëlingskema in terme van artikel 115(3)(b) van die Maatskappywet op	**Woensdag, 19 Augustus**

DIE VOLGENDE DATUMS VERONDERSTEL DAT GEEN HOFGOEDKEURING OF HERSIENING VAN DIE REËLINGSKEMA VEREIS WORD NIE EN BEVESTIG SAL WORD DEUR NWK INDIEN FINALISERINGSAANKONDIGING INDIEN DIE SKEMA ONVOORWAARDELIK RAAK

Verwagte laaste verhandelingsdatum voordat verhandeling in NWK Aandele opgeskort word op die 4AX vir doeleindes van vasstelling van vervulling van die Opskortende Voorwaardes	**Woensdag, 19 Augustus**
Verwagte datum waarop verhandeling van NWK Aandele opgeskort word op die 4AX by die aanvang van verhandeling op	**Donderdag, 20 Augustus**
Skema Finaliseringsdatum na verwagting op	**Donderdag, 20 Augustus**
Skema Finaliseringsdatum Aankondiging na verwagting vrygestel te word om 9:00 op 4AXNS (en Aangekondig op die NWK webwerf) op	**Donderdag, 20 Augustus**
Verwagte Skema Rekorddatum om die Aanbodprys te ontvang op	**Vrydag, 04 September**
Verwagte Operatiewe Datum van die Skema op	**Maandag, 07 September**
Verwagte datum waarop NWK Aandeelhouers wat Skemadeelnemers is, die Aanbodprys betaal sal word	**Maandag, 07 September**
Verwagte terminasie van notering van NWK Aandele op die 4AX by die aanvang van verhandeling op of omtrent	**Dinsdag, 08 September**

Notas:

1. Alle datums en tye hierbo uiteengesit is onderhewig aan verandering en/of mag onderhewig wees aan sekere regulatoriese goedkeurings insluitend, maar nie beperk nie tot dié van die Oornameregulerings paneel en 4AX. Enige verandering van die voorafgaande datums en tye sal vrygestel word op die 4AXNS en op https://www.nwk.co.za

2. Alle datums en tye hierbo uiteengesit word uitgereik in ooreenstemming met die Maatskappywet en die 4AX Noteringsvereistes.

3. NWK Aandeelhouers word verwys na **Aanhangsel 12** van die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe (betreffende die regte verleen aan NWK Aandeelhouers, die uitoefening waarvan die Skema Finaliseringsdatum en/of die Operatiewe Datum mag affekteer).

4. 'n Volmagvorm *(pienk)* mag ingedien word by die Oordragsekretaris of die Maatskappysekretaris, ten einde ontvang te word deur die Oordragsekretaris of die Maatskappysekretaris, om ontvang te word deur die Oordragsekretaris of die Maatskappysekretaris, vir administratiewe doeleindes, op of voor **11h00** op **Maandag, 03 Augustus 2020**. Die Volmagvorm (*pienk*) mag egter ingedien word by die voorsitter van die Vergadering te eniger tyd voor die gevolmagtide enige regte van die relevante Aandeelhouer by die Spesiale Algemene Vergadering uitoefen. Alternatiewelik tot die indiening van 'n Volmagvorm (*pienk*), mag NWK Aandeelhouers aanlyn stem. NWK Aandeelhouers word verwys na die gedeelte getiteld "*Aksie vereis deur NWK Aandeelhouers in verband met die Skema"* van die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe vir besonderhede aangaande hoe om die Volmagvorm (*pienk*) in te dien en hoe om elektronies te stem.

5. Skemadeelnemers wat teen die Reëlingskema gestem het en wat hulle regte in terme van artikel 115(3) van die Maatskappywet wil uitoefen ten einde die goedkeuring van 'n Hof vir die Reëlingskema te vereis, word verwys na **Aanhangsel 12** of 'n uittreksel van artikel 115 van die Maatskappywet. Sou Skemadeelnemers hul regte in terme van artikel 115(3) van die Maatskappywet uitoefen, sal die datums en tye hierbo nie relevant wees nie. Sodanige Skemadeelnemers sal apart in kennis gestel word van die toepaslike datums en tye onder hierdie proses.

6. Indien die Skema Algemene Vergadering verdaag of uitgestel word tot 'n latere tyd en/of datum, sal die bogemelde datums en tye verander, maar die toepaslike Volmagvorm *(pienk)* wat ingedien is of stemme wat op die 4AX Registry Portaal ingedien is vir die Spesiale Algemene Vergadering sal geldig bly met betrekking tot enige uitstel voor die sameroeping verdaging of uitstel van die Spesiale Algemene Vergadering.

7. Indien die Skema misluk, sal die Algemene Aanbod outomaties geïmplementeer word, onderhewig aan die voldoening of afstanddoening van die Algemene Aanbod Opskortende Voorwaardes. Die relevante datums in verband met die Algemene Aanbod sal bevestig word in 'n aankondiging na mislukking van die Skema.

8. Alle tye gegee in hierdie aankondiging is plaaslike Suid-Afrikaanse tyd.

Lichtenburg

07 Julie 2020

4AX EKSTERNE UITREIKINGSAGENT:

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

NWK Beherend Beperk	**NWK Beperk**
Scholtzstraat 81	Scholtzstraat 81
Lichtenburg	Lichtenburg
Noordwes	Noordwes
Suid-Afrika	Suid-Afrika

TRANSAKSIE ADVISEUR EN 4AX EKSTERNE UITREIKINGSAGENT:

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

REGSADVISEUR VIR DIE NWK GROEP:

Cliffe Dekker Hofmeyr Ing.